## Bytery onder kleuters

Dit is 'n jaarlikse krisis by Kabouterland dat daar kabouters is wat byt. Dit kom gewoonlik in die ouderdomsgroep 18-36 maande voor, maar begin soms wel by van die kleiner outjies. Dit is baie traumaties vir die ouers van die gewondes, sowel as die ouers van die byters. Vir die personeel is dit nog moeiliker, want ons word verkwalik en gewoonlik eis die ouers dat die byter uit die skool gehaal moet word. Dìt is ongelukkig nie 'n opsie nie.

Vir die 31 jaar van Kabouterland se bestaan kom hierdie probleem jaarliks voor. Indien ons enige raad gehad het wat onmiddellik werk, sou ons dit al lankal toegepas het. Ons het al die universiteit se sielkunde departement genader en kyk ook gereeld wat op die internet oor byt geskryf word..

Ek wil net kortliks opsom watter inligting ons tot dusver ontvang het en hoe ons pobeer om bytery hok te slaan. Ongelukkig is daar nie 'n wonderresep nie, want kinders reageer verskillend op elke raad wat gegee word. Dit is probeer en tref, met al die ouers se samewerking.

Almal is dit eens dat dit 'n normale vorm van ontwikkeling is. Dit is die eerste vorm van kommunikasie wat byt, slaan, stamp, stoot en hare trek kan insluit. Dit word nie noodwendig negatief bedoel nie. Ongelukkig byt sommige kinders uit blydskap of sommer net op die ingewing van die oomblik. Dit kan ongelukkig later negatief raak indien 'n kind dit doen uit frustrasie, woede of bloot net om aandag te kry. Dit is onmoontlik om dit altyd te verhoed. Vir elke byt wat onder julle aandag gebring is by die skool, was daar omtrent 10 byte betyds gekeer.

Indien jou kind vier, vyf of selfs meer keer gebyt is wil jy nie meer rustig wees nie, maar ons kan u verseker, terwyl ons nog kwaad en te na gekom voel, speel die byter en sy slagoffer alweer heerlik saam.

Daar is gewoonlik drie of vier byters in 'n klas en dit gebeur selde dat hulle ander kinders "leer"om te byt. Ongelukkig is dit ook sò dat dieselfde kind telkens die slagoffer is.

**Na al die navrae is ons aanbeveel om as volg op te tree:**

- Die aandag moet gefokus word op die kind wat gebyt word, sodat die byter nie begin om te byt net om aandag te kry nie.
- Daarna moet daar ferm vir die byter gesê word: " Ons byt nie, dit maak seer."
- Ons is aangesê om nie te veel aandag te gee aan die hele drama nie, maar dit rustig te hanteer.
- Die byter moet die hele tyd dopgehou word en as dit lyk asof hy / sy wil byt moet daar verbaal uitgespreek word hoekom dit lyk asof hy / sy wil byt, bv.: as iemand 'n speelding by hom / haar vat en hy / sy mik om te byt, moet jy sê: "Jy is kwaad omdat die maatjie jou speelding gevat het, maar ons byt nie as ons kwaad is nie."
- Ons gaan die probleem eers met 'n aanvanklike "time-out" hanteer. Die byter word verwyder uit die situasie. Daar moet oogkantak gemaak word en daar moet hard en duidelik aan hom /

haar gesê word dat byt verkeerd is en deur jou liggaamstaal en stemtoon wys jy die byter dat dit onaanvaarbare gedrag is.

- Indien die "time-out" opsie nie werk nie en die gewondes se ouers baie ongelukkig begin voel sal ons die volgende weg volg: Ons sal die betrokke kind se ouers toestemming vra om 'n harde plofgeluid op die doek te gee, onmiddellik as die bytery plaasgeving het om sy reaksie onmiddellik te kry en dan sal die gewone "time-out" plaasvind.
- Indien die harde plofgeluid nie vir u 'n opsie is nie en u verkies om 'n ander weg te volg, is u welkom om dit aan ons oor te dra.
- Geen terugbytery deur volwassenes word aanbeveel nie, want dit versterk net die feit dat geweld aanvaarbaar is.
- Daar word aanbeveel dat ouers kleintjies aanspreek en sê dat bytery onaanvaarbaar is as hulle bv. afgelaai word tussen kinders.
- Gesels ook met u kindjie daaroor as u weet hy / sy is 'n byter. Hulle verstaan baie goed al kan hulle nog nie self in taal uitdruk hoe hulle voel nie.

Ek vra mooi dat ouers diep asemhaal en nie vir ons kwaad word nie. Weet net dat ons saam met ons kabouters seerkry en jammer voel vir hulle. Help ons om grootword vir ons kinders 'n positiewe ervaring te maak.

Vriendelike groete,
Reana